

Hoe durf julle?

Reaksie op die oenskynlike disinformasie veldtog wat tans teen die FORUM aan die gang is, maar belangriker, n reaksie op die talle oproepe en navrae wat van lede (en ampte) ontvang word oor die FORUM se standpunte en moontlike toekomstige optrede.

deur W Johanneson

Hoe durf julle? Waar kom julle daaraan om so teen die Kerk uit te vaar? Klink dit byna elke keer wanneer n lid van die Ou Apostoliese Kerk (OAK) vir die eerste maal met die FORUM kontak maak. Hierdie soort reaksie is natuurlik verstaanbaar, want dit is n ongeskrewe reel in die OAK dat niemand veronderstel is om onder enige omstandighede die “gesalfde van die Here aan te raak nie”. Die verontwaardiging verdwyn egter net so gou wanneer die woorde van n bekende Franse filosoof by hulle insink: “Alles is goed soos dit uit hand van die Skepper kom, maar ontaard in die hande van die mens”.

Dit, is kortliks die verhaal van die administrasie en die ingesteldheid van die leierskap van die “magtige” OAK van die post-1972 era.

Disinformasie

Die leuens, halwe waarhede en wanvoorstellings wat die wereld ingestuur word (berig van 8 Mei 2012 op n bekende webwerf) oor die FORUM en die voormalige Opsiener William Blouws, is nie net ongevraagd en laakbaar nie, maar geensins bevorderlik vir die beeld en getuienisdraers van die OAK nie. Solank as wat daar nie van hoofbestuur se kant af op die betrokke berig gereageer word nie, moet aanvaar word dat dit die OAK se goedkeuring wegdra. Die OAK behoort natuurlik n baie beter plek en gerespekteerde instelling te wees indien die leuens uit die weg geruim kan word.

Die doel van hierdie skrywe is om in geen spesifieke volgorde te reageer op die disinformasie veldtog, asook antwoorde te verskaf op die menigte telefoonoproepe en mondelinge navrae wat daagliks ontvang word. Die FORUM sien dit ook as n verdere geleentheid om n kultuur van kritiese denke en **gesprekvoering** in die OAK te help vestig en bevorder. “My volk gaan ten gronde weens n gebrek aan kennis”, het n profeet by geleentheid gese. OAK-lede moet waak daarteen om nie met die bekende scenario van die drie ape geassosieer te word wanneer dit by gesprekke oor die administrasie en bestuur van hulle kerk kom nie.

En net voordat sekere bepaalde afleidings dalk gemaak mag word uit die kommentaar vervat in hierdie skrywe, moet dit net weer onderstreep word dat dit maar eintlik n **samevatting** is van wat in die gemoed van die volk omgaan; opgekropte emosies versterk deur n onvermoe om dit behoorlik te artikuleer omdat die nodige strukture, platforms en bestuurstyl daarvoor in die OAK ontbreek. Maar, belangriker nog: aangesien die Profeet in die OAK deesdae fatsoenlik en effektief genuilband blyk te wees, is daar n profetiese dimensie in die kommentaar van die FORUM waarvan alle gelowiges onder ons gerus kennis kan neem. So, die **jakkalsdraaie** wat ons probeer gooi gaan ons

net mooi nerens bring nie want aan die einde van die speletjie wag daar n skeidsregter – die WAARHEID. En ons bely: Christus = weg=WAARHEID=lewe.

- **Blouws en die FORUM**

Die Opsier Blouws is nie die stigter van die FORUM nie. Hy is een van die stigterslede en het vanwee sy integriteit, bekwaamheid en senioriteit in die Kerk voorsitter geword. Almal wat hom ken, weet dat hy nie n heethoof is nie en dat hy sedert sy afsetting in 1993 nog steeds dieselfde nederige en navolgenswaardige lewe lei en die voorbeeld stel. Die jare van die verhoog af het hom egter ryper en sterker gemaak en dit is alom bekend dat die vuur en krag van die Opsier vandag nog net so sterk in hom vaardig is, soos dit was toe hy as “Defender of the Faith” in 1993 die moed gehad het om die omstrede verandering met die bediening van die nagmaal te bevestig. Almal wat saam met hom gedien het, weet dat dit die enigste rede was waarom hy van sy amp onthef is. En dit natuurlik omdat hy die **potensiaal** gehad het om die proses te stuit. Die betrokke apostel was nooit gemaklik met meningsverskil vanuit eie geledere nie en was klaarblyklik bang vir hierdie gevierde Opsier.

Anders as wat beweerd word, is sy afsetting die gevolg van n besluit wat **uitsluitlik** deur die Apostel George Campbell geneem is. Hy was die apostel en ook bekend vir sy diktatoriale bestuurstyl. Apostel Swartz was destyds slegs n Hulp-apostel en het om die waarheid te se geen bemoeienis met die Opsier Blouws gehad nie, want die ander Hulp-Apostel Pietersen was sy verantwoordelike beampte. Die Opsier Blouws het dus geen rede gehad om met die Apostel Swartz haaks te wees nie; hulle verkeer vandag nog op n goeie voet. Trouens, dit was die Apostel Pietersen wat die Apostel Campbell meegedeel het dat die Opsier Blouws n **oudiensie** met hom wou he om sy standpunt ten opsigte van die nagmaal op te klaar. Die Apostel Campbell het ingestem en sou mettertyd die plek, tyd en datum vir die ontmoeting bekendmaak. Al wat van die **belofte** gekom het was n kort en saaklike mededeling deur die Apostel Pietersen aan hom dat Apostel Campbell besluit het om hom van sy amp te onthef. Met ander woorde, die Apostel Campbell het hom dit nie eers verwerdig om persoonlik met sy Opsier oor hierdie stap in verbinding te tree nie. Hierdie reaksie van hom is ook heeltemaal te verstane, want dit was nog die “ou Suid-Afrika” waar die “wit” baas nie met klaas hoef te ginnegaap nie. Dit is waarom die Opsier Blouws en etlike ander lede wat sy standpunt jeens die nuwe formaat van die nagmaal steun tot vandag toe nie aan die bediening van die sakrament deelneem nie.

Die FORUM moet nog oortuig word dat die destydse skielike en steeds onverklaarbare noodsaaklikheid vir die verandering in die bediening van die nagmaal niks met **“wit en swart lippe”** wat uit dieselfde beker sou moes drink te doen het nie. Hoe meer dit ontken word, hoe harder blyk die waarheid te weergalm. Hoe dit ookal sy, die Apostolaat het

skynbaar een groot flater in hul oorhaastigheid met hierdie optrede begaan; hulle het nagelaat om die **formulier** vir die seen van die beker dienooreenkomstig aan te pas. Na negentien (19) jaar van die “nuwe” formaat lui die formulier nog steeds: **“drink hieruit, en so dikwels as wat julle hieruit sal drink, doen dit tot my gedagtenis”**. Die tangetjie (tweezer) wat ook so n kardinale rol in die bediening speel, word nie eers geseen nie. Met ander woorde, die Heilige sakrament is deur die swakdeurdagte en bedenklike optrede van die apostels besoedel. Hierdie omstrede maatreel is deur gestoomroller sonder die nodige wydlopende en deurtastende konsultasie wat gewoonlik met so n stap gepaard gaan en wat ook algemene praktyk in n beskaafde opset is. En wanneer n hoogs gerespekteerde en invloedryke Opsiner sy plig as “Defender of the Faith” probeer nakom, word hy summier op uiters verdagte en laakbare wyse van sy pos onthef. Die **tragedie** het egter nie daar geëindig nie. Van die **“drie-manskap”** (Campbell, Pietersen en Blouws) wat by hierdie debakel betrokke was, is die Opsiner Blouws die enigste oorlewende. Hy is blakend gesond en dien steeds as bron van hoop en inspirasie vir baie OAK-lede (en ampte) wat dikwels wonder of die Here nie dalk Sy hand van die OAK van post-1972 weggetrek het nie. Hoe minder daar oor die einde van die ander twee figure gese word, hoe beter is dit vir ons almal en die OAK. Wat wel gese kan word, is dat hierdie gebeurtenis al die elemente van n klassieke bybelse verhaal bevat.

Sy (Blouws) beweerde betrokkenheid by die gebeure op **Vryburg**, asook beweerde skrywes aan die SA presidente FW de Klerk en Mandela is blatante leuens en versinsel. Die koppeling van sy naam aan n rits ander verwante gebeure is duidelik daarop gemik om n bepaalde negatiewe etiket aan hom toe te dig; die feite is daar vir almal om na te vors. Die Opsiner Blouws se openbare rekord is bo verdenking, soos dit in 1993 was. Die OAK word egter in n baie swak lig gestel wanneer leedvermakerig vertel word (berig 8 Mei 2012) hoedat twee gemeentede deur die OAK van hul eiendomme gestroop is as vergeldingsmaatreel vir hul regsaksie teen die Kerk. Asof dit as **afskrikmiddel** moet dien vir enigeen wat nog verdere aksies teen die Kerk beoog. Die kernvraag is: watter rehabilitasiestappe is daarna van die Kerk se kant af geneem (soos Jesus sou gedoen het)? Apostels van Christus is veronderstel om leiding te gee, nie **straf** en weerwraak uit te deel nie. Hierdie spesifieke stap ten opsigte van die twee betrokke eiendomme, vestig weereens die kollig op die vraagstuk van die **ontoereikende grondwet** van die Kerk, asook die gebrek aan n **mandaat** deur die gemeentes aan Hoofkantoor (betaalde amptenare) om fundamentele besluite namens die Kerk (gemeentes kollektief) te neem. Die geval van die twee eiendomme wat na bewering ten gunste van die Kerkoptrede vervreemd is, gaan nog terugkeer om vir baie jare in die OAK te **spook**. Hoe dit ookal sy, die goeie nuus is dat hierdie **gemaksone** vir topbestuur nie vir altyd sal kan voortduur nie. Die FORUM se **idees en standpunte** sal uiteindelik **seevier** en die **nuwe norm** vir die OAK word, terwyl die **nalatenskap** van sommige halsstarrige lede van die huidige leierskap soos n **albatros** om die nekke van hul naasbestaendes en nasate sal bly hang, lank nadat hulle (betrokke leiers) die emmer omgeskop het.

Die laaste woord oor die gemelde hofsake is gewis nog nie gespreek nie. Derhalwe, kan **voortydige feesviering** in sekere leierskapskringe dalk riskant wees. Daar bestaan nog oorgenoeg ruimte, kapasiteit en die nodige wil vir meer ingrypende en formidabele hofgedinge. Hofsake van die aard, al wen die Kerk dit ook, is nie bevorderlik vir die beeld van n kerk soos die OAK nie; dit hoort tuis by n bewind met n “cowboy-agtige” karakter. Die belangrike vraag wat hier gevra moet word, is: indien die Kerk n hofsake van so n aard sou **verloor**, uit wie se sakke word die **regskoste** verhaal? Die betrokke skuldige individu of die kerkkas? En as in gedagte gehou word dat daar geen formele mandaat van die gemeentes (kollektief) se kant af bestaan wat sulke uitgawes in die naam van die kerk magtig nie, dan het die OAK hier n wesentlike ouditprobleem. Ons is dus terug by die ontoereikendheid van die huidige grondwetlike bedeling in die OAK, n sisteem wat met n frons in beskaafde geselskap bejeen word. En dan het ons (OAK) die vermetelheid om ons op Christelike beginsels te beroep en na ander kerke en instansies as die wereld te verwys.

NEE, die afgesette priesters Trimm en September het nie onder die “bruin” Apostel Swartz geressorteer nie, hul het onder die “wit” Apostel van Tonder *geval*. Die waarheid is dat dit laasgenoemde was wat van hulle ontslae geraak het.

En **NEE**, die “ander” lid wat kwansuis as n lid van die **ROAC** (Reformed Old Apostolic Church) getipeer word, bestaan nie. Die betrokke lid na wie vermoedelik verwys word, is n bloubloed OAK-lid en uitsonderlik begaafd soos dit n Ou Apostolie uit die goeie ou dae betaam. NEE, hy heul nie met die “vyand” nie en het ook geen aspirasies om sy Hemelse Vader se paradys te verlaat nie. Hy verkies maar net om soos n **Dawid** van ouds sy man teen n bisarre Koning Saul te staan. Dit is dus n doelbewuste leuen. Die FORUM het geen kontak met die ROAC nie en sy lede beskik ook oor die nodige integriteit om te beseft dat dit onvanpas is om die ROAC te betrek. Derhalwe, moet die betrokke leuen gewyt word aan skuldige gewetes uit die oorde waar dit ontspring.

- **FORUM**

Waarom n FORUM? Is julle n klomp bitterbekke wat julle ampte wil terug he? Die OAK het mos voldoende strukture om alle probleme aan te spreek. Steek julle trots in julle sakke en gaan spreek julle owergesteldes voordat dit te laat is en julle siele daardeur skade ly. Dit is min of meer die strekking van vroe en stellings deur lede (en baie ampte) wat klaarblyklik nie verstaan waaroor die gesprek rondom die bestaan van die FORUM gaan nie. Onder diegene wat wel verstaan maar nie die integriteit en ruggraat het om standpunt in te neem nie, geld die sindroom: “n toe bek is n heelbek”. Hulle is selfs bang om hul name en standplase te verklap uit vrees dat hulle n “bliksemsessie” op die lyf mag loop. NEE, die antwoord is eenvoudig: hulle stel **geensins** daarin belang om hulle ampte onder die huidige bedeling te

herwin nie, maar wil hulle daarvoor beywer om die administrasie van die OAK help reg te trek en die klaarblyklike wurggreep wat Mammon op die Kerk het, te verbreek.

Die FORUM is n **informele groepering** van bekommerde lede wat - by gebrek aan n geskikte forum/platform binne die OAK waar sinvol oor aktuele sake gepraat kan word - tot stand gekom het om vir hoofbestuur onder andere daarop te probeer wys dat die OAK **agteruitgang** en disintegrasie in die gesig staar indien hervorming van die administrasie van die Kerk nie so gou moontlik aandag geniet nie. Die huidige bestel is **nie volhoubaar** nie. Dit is grondwetlik ongesond en skep n vrugbare teelaarde vir onbeteuelde korrupsie. Duidelike tekens van agteruitgang is reeds waarneembaar en die enigste rede waarom die huidige regime nog oorleef, is omdat daar nog n lekseltjie **suurstof** in die tenk oor is. Die uurglas loop leeg. Dit staan gemeentes natuurlik vry om **soortgelyke forums op eie bodem** te stig waar lede buite die amptelike kerktipe byeen kan kom om sinvol oor die welstand van hulle gemeentes/kerk te besin. Hulle kan dalk later met ander gemeentes hieroor begin **netwerk** en sodoende dwarsdeur die OAK konsensus oor n **nuwe bedeling** vir gemeentes in die Kerk bewerkstellig.

OAK –gemeentes moet seker die enigste in die land wees wat geen seggenskap oor die sake en finansies van hul kerk het nie. Die bestaande grondwet waarvolgens die apostels en ander betaalde amptenare die Kerk regeer, het nie die nodige **sanksie** van die gemeentes - **die eintlike baas van die Kerk** - nie. Besluite van n kapitale aard, vergoedingspakkette en regsaksies word eensydiglik weg van die gemeentes deur betaalde ampte (**werknemers** van die Kerk) geneem. Die nodige wigte en teenwigte vir n administrasie van die omvang en federale aard van die OAK, ontbreek. Hoe enige geloofwaardige oudit van die boeke van so n instansie by die “regterstoel” kan verbykom, bly n raaisel. Die logiese volgende stap, veral na die OAK se halfhartige uittog uit die land van doktrinere apartheid, is die vestiging van die beginsel van **EIE SAKE** ten opsigte van gemeentes en **ALGEMENE SAKE** vir hoofkantoor waarby gemeentes ook inspraak op die hoogste vlak behoort te he. Ons leef immers in n era van demokrasie en veral waar topbestuur van die geld van die gemeentes afhanklik is.

- **Liefde vir kerk**

Wat wil julle he? Wat moet die OAK nog doen om julle te akkommodeer? Is julle gekant teen die offer van tiendes? Hoekom verlaat julle nie die kerk en gaan stig julle eie kerk nie? Oud-ampte wat onttroon is, het mos hulle kans gehad. Die OAK is n kerk van ORDE en niemand is bo dit verhewe nie. Maak vrede daarmee en gaan aan met julle lewens. Dit is nog n sarsie van die opslagballe wat lede van die FORUM dikwels moet trotseer wanneer hulle deur die “volk” (en ampte) gekonfronteer word.

Niemand in die OAK is liewer vir die Kerk as juis die lede van die FORUM nie en hulle gaan ook nerens heen nie. Dit is waarom hulle opstaan en praat. Hulle hele lewensuitkyk is geskoei op die waardes en kragte in die OAK wat voor 1972 bestaan het. Dit is wat hulle wil terug he. Dit is wat die Kerk se getuieis in die Christelike wereld onderskei het en ook waarom **duisende** mense na die Kerk gekom het. Daardie **duisende kom nie meer nie**; die onder-diaken/evangelis voer n verlore stryd en het ook geen raad meer nie. Die Here kon tog sekerlik nie Sy krag verloor het nie. Die OAK is besig om sy **tradisionele wese** prys te gee. Dit het klaarblyklik n finansiële “empire” geword. Dit wil voorkom asof “sjielings” deesdae voorrang bo siele geniet. Wat het van die OAK van weleer geword, vra beide bekommerde lede en buitestaanders wat die Kerk nog altyd goedgesind was. Die OAK **lyk nie goed nie**. Wat van sy geloofwaardigheid?

Dit is **laat** in die dag as finansies, tenders/kontrakte, konstruksieprojekte, lekkende dakke, stukkende krane en die “aan-die-kantmaak” van kerksale die dagboeke en agendas van topbestuur van die OAK oorheers. Bekommerde lede wil verkieslik, soos in **bybelse tye**, hul apostels en ander senior gesalfde ampte by die “tempels, sinagoges en in die middestad” sien waar hulle die evangelie verkondig, dooies opwek, kreupeles laat loop, blindes laat sien en dowes laat hoor. En as die mense hulle nie wil glo nie, moet hulle met vertrouwe soos hulle bybelse voorgangers kan se: “as julle ons nie wil glo nie, **glo dan ons werke**”. En as kerkleiers terwille van hulle geloof en prediking geslaan, in die tronk gestop, onderstebo gekruisig of onthoof moet word, dan moet die apostels en die senior gesalfde ampte van die OAK ook op die voorpunt aangetref word, net soos van ouds. En nie soos deesdae waar hulle in n gemaksonse wegkruip en skaars aan die buitewereld bekend is. Jesus en sy apostels het geen gemeente verlaat voordat hulle nie die **siek** genees **en die armes** gevoed het nie. Leiers van die OAK besoek gemeentes deesdae vlugtig en vertrek dan onbeskaamd sonder dat n enkele mens gesond gemaak is of aandag aan die geringste gegee is (en vergeet nou maar van die slapriem dat hierdie dinge “geestelik gesien” moet word). Die kragte in die Kerk het skynbaar sodanig verflou dat die Oudste, die geneesheer vir die gemeente, deesdae nie eers n verkoue kan genees nie; om nie eens te praat van bese geeste uitdryf nie. Die ontvangsale van daghospitale en klinieke loop oor van **siek OAK-lede**. En wanneer vrywillige werkers van ander kerke met koppies tee/koffie/sop en toebroodjies omkom, vergryp hulle (dikwels senior ampte) hul daaraan. Wat n verleentheid vir ons getuieisdraers. Waar is die goeie ou dae van die pre-1972 era? Waarmee is ons besig? Wat gaan aan? Waar gaan dit eindig?

En voordat enigiemand in die bresse wil tree en daarop dui dat die **bybelse tye** nie met vandag vergelyk behoort te word nie, moet so n persoon na die **Gloria Patria** verwys word wat nog keer op keer uit volle bors in die OAK aangehef word. Hoe lui daai bekende koortjie nou weer: “Die mense verander, maar Jesus nooit. Kom ons verheerlik Sy naam”. Die apostel van Christus **verander nooit**. Die sogenaamde moderne mens het in hierdie opsig dus geen poot om op te staan nie. n Duisend jaar is gelykstaande aan een dag in die oe van God, probeer n bekende bybelvers ons daaraan herinner.

En wanneer n gelowige lid, of amp, aan die einde van hy/haar lewe kom, wat is daar deesdae om na uit te sien? Teleurstelling!!! Jy is op jou eie, jou naam word nie eers genoem nie. Dit word koud en klinies gesuggereer dat die diens vir die nablywendes is. Jy

het jou tyd gehad. Sterfte is n baie persoonlike en traumatiese ervaring. Dit verg begrip en empatie van leierskant af, net soos Jesus die susters van die ontslape Lasarus geakkommodeer het. Die OAK van vandag kan gerus by die sogenaamde wereldse kerke gaan leer hoe om n afgestorwene te bedien. Waar is die gebruike en praktyke wat OAK-begrafnisse altyd so uitsonderlik vir ander kerke gemaak het? Die OAK van vandag het n **fundamentele probleem** met die bediening van die ontslape siel. Dit druis nie net in teen die tradisionele getuieis van die Kerk nie, maar staan ook duidelik in die teken van n kerk wat een van sy kern **grondbeginsels** oorboord gegooi het en in hierdie opsig dus kwalik aanspraak op sy **wortels/herkoms** van 1927 kan maak.

Die OAK het die slagoffer van n ongenaakbare **ORDE** geword, wat in baie opsigte sterk ooreenkomste met die van die Joodse Raad van die bybelse hoofpriester, Kajafas, toon. Dit is algemene kennis dat Jesus Christus hom nie in daardie sisteem tuis gevoel het nie. Die **kruispad** vir die OAK is: "is die mens vir die ORDE gemaak, of die ORDE vir die mens? Die ORDE kortwiek groei en ontwikkeling. Dit gee aanleiding tot korrupsie. Instandhouding van die ORDE maak van OAK ampte eintlik slawedrywers en tollenaars, pleks van herders. Die skape is uitgelewer aan die elemente van die veld. Hoe vlakke van **afvalligheid** en **kerkverlating** is oral te bespeur, n tendens wat noodwendig n drastiese afname in die offer van tiendes impliseer; wat weer n bedreiging vir standhoudende fondse ten opsigte van veral salarisse, lone en byvoordele vir sekere mense inhou. En so word die punt gaandeweg bereik waar dit selfs vir die swak ingeligste lid duidelik begin word waarom daar so krampagtig deur die leierskap vasgeklou word aan n stelsel waarvolgens elke rand en sent hoofkantoor toe moet gaan en waarom gemeentes van besluitnemingsprosesse uitgesluit word. Ofskoon dit sy gebreke gehad het, was die pre-1972 administratiewe bedeling n meer **eerbare benadering** tot kerkbestuur in die OAK.

- **Die pad vorentoe**

Waarheen wil julle die Kerk neem? Die OAK is nie n demokrasie nie. Die OAK is olrait soos dit nou is, moet daar dan nou na elke Jan Rap en sy maat geluister word?

Die FORUM het nie plek vir onredelike mense en hul verwagtinge nie. Die verwagte hervorming/transformasie moet n proses wees wat deur individue en gemeentes in die OAK sinvol deurdink, uitgespraak en onderhandel behoort te word. Geen opstande of ontwrigting van die bestaande sisteem word beoog nie. Daar word gebid en vertrou dat die huidige leierskap die noodsaaklikheid van **tydige verandering** sal insien en onverwyld stappe sal neem om die proses aan die gang te kry. Die FORUM staan n vreedsame oorgang voor.

n **Esel**, word dikwels gese, stamp hom nie twee maal teen dieselfde klip nie. Gedurende die apartheidsjare, was dit duidelik dat die apostels van die OAK nie die tekens van die tyd kon lees nie en dat hulle willens en wetens toegelaat het dat n bese sosio-politieke stelsel die Kerk **besmet**. In die jaar 2012, kan hulle blykbaar alweer nie insien dat gemeentes nie langer van sinvolle deelname in die administrasie van die OAK (op alle vlakke) uitgesluit kan word nie. Dat konstitusionele hervorming en transformasie **onafwendbaar** is. En dat rassisme (of die reste daarvan) in die OAK onder sy blaker geskop moet word. Dit sou natuurlik verregaande wees om derhalwe die aanname te maak dat die apostels van die OAK in hierdie opsig dommer as n esel is. Is daar dalk n gepaste verklaring vir hierdie fenomeen?

Nuwe grondwet

Dit is die alpha en die omega vir n nuwe administratiewe bedeling in die OAK. n Grondwet wat die volle sanksie van die gemeentes geniet. *De facto* en *de jure* verteenwoordiging vir gemeentes op alle besluitnemingsvlakke. Die beginsel van EIE SAKE vir partikuliere gemeentelike aangeleenthede en ALGEMENE SAKE wat by hoofkantoor en konferensies tuis behoort. Die ideaal is dat bree administratiewe grondbeginsels en n raamwerk ontwikkel moet word waarbinne die gemeentes volgens hulle eie unieke geskiedenis en karakter kan gedy, wat noodwendig tot n geskikte **magsbalans** tussen die gemeentes en topbestuur moet lei.

Ontwikkeling en sosiale verantwoordelikheid

Ontwikkeling van stelsels, strukture, prosesse, strategiee en programme wat gemik is op groei en ontwikkeling onder die Sondagskool, jeug, volwassenes en ampte ten einde optimaal inhoud aan die konsep “**n apostoliese leefwyse**” te gee. Welsynsprogramme wat werklik n verskil beide binne en buite die OAK kan maak. Bestaande kerkgeboue wat grootliks onderbenut word, moet doelmatig hiervoor ingerig word. Die **beste bate** van die OAK, sy ontsaglike multikulturele skatkis, moet ontgin word om sodoende nuwe stukrag aan die Kerk se evangelisasie en profetiese missie te gee. Ook belangrik, is uitsluitel oor die **rol van die vrou** op alle vlakke in die Kerk. Dit is nie n lawwe grap nie; vroue het n deurslaggewende rol in die lewe en bestuurstyl van Jesus gedurende sy tyd op aarde gespeel. Van die mees begaafde en talentvolle persone in die OAK is vroue. Hierdie is almal ideale wat slegs deur sinvolle gesprekvoering en deelname deur alle OAK-lede, ongeag stand of herkoms, verwesenlik kan word. Dit kan ook nie **oornag** ingevoer word nie, maar niks verhoed ons om so gou doenlik op n medium tot langtermyn program hieroor konsensus te bereik nie.

- **Slot**

Na sorgvuldige besinning van bogemelde kommentaar, idees en voorstelle behoort dit duidelik te wees dat die FORUM nie die draak is wat sommige persone die massas probeer wysmaak nie. Hier is geen wilde aspirasies vir leierskapsposisies betrokke nie, slegs liefde vir kerk en die geloof. Soos die naam FORUM aandui, is dit n gespreksgroep wat daarop ingestel is om krities na die OAK van vandag te kyk met die doel om positief tot sy heil en vooruitgang by te dra. Daar is nie eens n begeerte om dit te probeer omskep in n groot liggaam of massabeweging met duisende lede wat druk op hoofkantoor moet uitoefen nie. Die FORUM se **siel en krag** is gesetel in sy stem, idees, geloof en die waagmoed van sy lede om op te staan en uit te praat oor sake wat die wel en wee van die Kerk raak.

Dit kan nie genoeg beklemtoon word dat die FORUM **nie n permanente instelling** is nie. Dit bly n tydelike, informele struktuur totdat n nuwe grondwetlike bedeling in die OAK in plek is wat hierdie leemte kan vul. Daarom bly die FORUM organisatories n **plat struktuur** met geen range, status of geslagsvoorkeure nie. Dit is n **tent van samekoms** waar slegs siele tel.

En waar eie forums wel plaaslik tot stand gekom het, sal u agterkom dat die beste ding omtrent byeenkomste van n FORUM nie die klaagliedere, skinderstories of “onderduimse” aktiwiteite is nie, maar **broodbreek en gebed**, net soos in bybelse tye toe daar in veilige plekke gebid was vir die Apostels Petrus en Paulus en die deure van die tronke wonderbaarlik vir hulle oopgegaan het. Boonop leer lede mekaar opnuut beter ken en dit maak ook van hulle beter apostolies. Probeer dit gerus, **dit werk!!!**

Sonder om verwaand te klink, word die FORUM daaglik bemoedig en versterk deur die wete dat dit uiteindelik hoofbestuur (Apostolaat) sal wees wat in hierdie verband van standpunt sal moet verander, en nie andersom nie. Soos baie ander kerke, sal die OAK sy **apartheidsbagasie** formeel moet afskud en dan eerlik, opreg en biddend deur n geloofwaardige proses werk om **ware versoening** in die Kerk te verwesenlik. Totdat hierdie proses afgehandel is en die OAK weer uit **dieselfde beker** drink, sal ons nie vry in Christus wees nie. ‘Tevergeefs bou die bouer as die Here die huis nie bou nie’, sal die Woord ons altyd daaraan herinner.

Soos al dikwels herhaal, is die hoofdoel van die FORUM se aksies om gemaksones te versteur deur **sinvolle gesprek** en debat oor die welstand van die OAK te stimuleer. Dit is die katalisator wat in die OAK benodig word. Die FORUM se voorstelle is solied en skep n goeie vertrekpunt vir gesprekke oor die toekoms en hervorming. Die FORUM is die OAK, daarom is daar nie **kopiereg** op sy voorstelle en idees nie. Kom ons doen die regte ding en maak, by voorbeeld, soos wyle pres. John F Kennedy in n kritieke oomblik gedurende sy ampstermyn gese het: “all these things will not be finished within the first 100 days, nor in the first 1000 days; perhaps not even in the lifetime of this administration, but let us begin”.

Hoe durf julle?

Natuurlik het u die volste reg om so te vra. Die teenvraag is egter: wat is ons veronderstel om te doen? HULLE slaan dan eerste!!!

Bellville

20121026

(Die skrywer is ook die sekretaris van die FORUM)